**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 2**

**JUNIE 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 90**

**TYD: 1.5 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   Afdeling A: Lang transaksionele skryfstuk. 30 punte

   Afdeling B: Kortverhale. 60 punte

   Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies baie goed.

3. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
   Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, of Ramdhani.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling A: Lang transaksionele skryfstuk

Skryf 'n **DIALOOG** van 120 -150 woorde oor die volgende onderwerp.

Jy is 'n joernalis. Jou naam is Riley. Jy voer 'n onderhoud met 'n Olimpiese atleet. Jy moet vir die atleet interessante vrae vra en die atleet moet jou vrae beantwoord.

- Onthou om die KORREKTE FORMAAT vir 'n dialoog te gebruik.
- Jy moet <u>beplanning</u> doen, 'n <u>eerste poging</u> en <u>finale poging</u> skryf.
- Skryf die ware aantal woorde aan die einde van jou dialoog neer.
- Skryf netjies en leesbaar.

(30)

Afdeling B: Kortverhale.

<u>Vraag 1: Die rugby jock (Jaco Jacobs)</u>

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.



"Hoekom het vroue sulke klein voetjies? Sodat hulle makliker agter die stoof kan inpas, natuurlik."

As jy dink dis snaaks, moet jy met my broer pelle maak. Dis sý idee van 'n grap. As daar prentjies in die woordeboek was, sou jy my broer se foto kon gaan soek reg langs die woord "chauvinis". Of maak dit sommer 'n groepfoto met hom en al sy rugbypelle daarop.

My broer is een van die skool se rugby jocks. Een van daardie ouens wat glo die son skyn blokkies as hy op 'n tuinstoel gaan sit. Net omdat hy 'n bal kan vang en ander ouens tackle dat hulle tande waai.

1.1.Wie moet, volgens die spreker se broer, die kos kook?
Haal 1 woord aan as antwoord. (1)

1.2. Gee die standaard Afrikaanse woorde vir:

1.2.1. jock
1.2.2. pelle
1.2.3. game (3)

1.3. Kies die KORREKTE woorde tussen hakies om die sin te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

As jy ‘n “chauvinis” is, dink jy dat (vrouens beter is as mans / mans beter is as vrouens). (1)

1.4. Met watter 2 aspekte van rugby speel is die spreker se broer goed? (2)

1.5. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

In die kortverhaal sê die spreker dat sy “waarskynlik aangeneem” is. Sy sê dit omdat:

A. sy baie anders as haar broer is.
B. sy nie dieselfde as haar broer lyk nie.
C. haar ouers haar daarvan vertel het.
D. Sy nie van haar broer hou nie. (1)

1.6. Noem 2 dinge wat die spreker geniet om te doen. (2)

1.7. Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin hieronder te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Wanneer die seuns klaar rugby gespeel het, (eet / stink) hulle so verskriklik dat jy ‘n biologiese oorlog teen ‘n kleinerige Afrikaland kan voer. (1)

1.8. Watter takie (chore) doen die spreker se broer nooit nie? (1)

1.9. Rangskik (arrange) die gebeure uit die kortverhaal in die regte volgorde.
Skryf slegs die vraagnommer en die LETTERS in die KORREKTE VOLGORDE neer.

A. Simon maak spek en eiers.
B. Een van die rugbypelle kuier meer vir die spreker se suster.
C. Die rugbyspan kry ‘n nuwe speler.
D. Die spreker sit op die pawiljoen en kyk rugby. (4)

1.10. Hoekom was Simon een Saterdagoggend in die spreker se huis? (1)

1.11. Wie het daardie Saterdagoggend ontbyt gemaak? (1)

1.12. Die spreker se broer vergelyk vir Simon met 'n wêreldberoemde sjef.
Noem die wêreldberoemde sjef. (1)

1.13. Wat is die les van hierdie kortverhaal? (1)

(20)

Vraag 2. Skoolstories (Jaco Jacobs)

**Teks A**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

*(Die hoofkarakter is 'n meisie met 'n lang bruin skoolromp. Haar gesig is blekerig gegrimeer, maar nie só dat dit uit die staanspoor die einde verklap nie. Daar moet tog iets vreemds aan haar gedrag wees, maar nie so dat 'n mens dit kan vaspen nie.)*



2.1. Wie is die spreker in hierdie kortverhaal? (1)

2.2. Hoe lank is sy al dood? (1)

2.3. Hoe en waar (presies) is sy oorlede? (1)

2.4. Die skool waarna daar in die kortverhaal verwys word, word 'n spogskool genoem.
Wat dink jy, beteken die woord: spogskool? Noem 2 feite. (2)

2.5. Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

Die skool in die kortverhaal is:

A. Jonger as 150 jaar.
B. Ouer as 150 jaar.
C. Presies 150 jaar oud.
D. 106 jaar oud. (1)

2.6. Pas die woorde in KOLOM A by die verduideliking in KOLOM B.
Skryf slegs die vraagnommer en die LETTERS neer.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 2.6.1. | Toneelaanwysings. | A | Hulle kan haar nie sien nie. |
| 2.6.2. | Springbokrugbyspelers. | B | Huidige leerders van die skool. |
| 2.6.3. | Party leerders is half snaaks met haar. | C | Die spook voel só oor die boek. |
| 2.6.4. | ‘n klomp tjol. | D | Oud-leerlinge van die skool. |
| | | E | Die woorde is skuinsgedruk en tussen hakies. |

(4)

2.7. Voltooi die sin hieronder deur die weggelate woord in te vul.
Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Die spreker in die kortverhaal vind dat die kinders van vandag nie __________ op hulle skool is nie. (1)

2.8. Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies om die sin korrek te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Die spreker in die kortverhaal voel dat dit ‘n (nadeel / voorreg) is om hier te kan skoolgaan. (1)

2.9.1 Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

Soos alle leerlinge, vind die spreker die onderwysers en skoolwerk:

A. baie opwindend.
B. baie vervelig.
C. ‘n bietjie vervelig.
D. glad nie vervelig nie (1)

2.9.2. Watter een van die volgende is nie ‘n oud-leerling van die skool nie?

A. Springbokrugbyspelers
B. ‘n Bekende sangeres
C. ‘n Bekende skrywer
D. ‘n Bekende aktrise (1)

2.10. Wat gebeur volgende jaar met Juffrou Meyer? (1)

**<u>Teks B</u>**

Lees die volgende uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

| |
|---|
| Die meisie het <u>soos ‘n riet gebewe</u>. “Juffrou...daar was iemand in die badkamerspieël... ‘n gesig...so ‘n bleek gesig wat oor my skouer geloer het. ‘n Meisie...met ‘n hoed op haar kop. Ek het <u>yskoud</u> geword. Maar toe ek omdraai...was daar niemand nie.” |

2.11. Jou Afrikaanse onderwyseres het vir jou geleer wat die onderstreepte taalverskynsels genoem word.

2.11.1. Wat noem ons: “soos ‘n riet gebewe.”? (1)
2.11.2. Wat noem ons: “yskoud”? (1)

2.12. Hoekom, dink jy, ignoreer baie van vandag se kinders die spreker? (1)

2.13. Waarom hou die spreker nie van skoolvakansies nie? (1)


2.14. Beskryf een item van die spreker se skooluniform. (1)

(20)

Vraag 3. Sorry, Ma. (Jaco Jacobs)

Lees die volgende uittreksel en beanwoord dan die vrae wat volg.





| |
|---|
| Ma sien, die ding is, ek wéét mos hoe mal Ma oor daai Persiese mat is, daai een wat Pa vir Ma gekoop het nadat julle 'n week lank vir mekaar kwaad was. Ek onthou Pa het eenkeer gesê die ding kos meer as 'n klein Karooplasie. Daarom het ek groot geskrik toe die helfde van die punch op Ma se mat uitval. Nie een van ons het geweet wat om te doen nie. Toe gaan haal ek maar die stofsuier. |

3.1. Gee die standaard Afrikaanse woorde vir die volgende:

3.1.1. sorry
3.1.2. game
3.1.3. band (3)

3.2. Gee die naam van die spreker se vriend wat die video opgeneem het. (1)

3.3. Kies die mees KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

Die spreker en sy vriend maak 'n video omdat:

A. hulle om verskoning wil vra.
B. die "band" 'n video vir hulle liedjie nodig het.
C. hulle bang vir die ouers se reaksie is.
D. hulle 'n fliek wil maak. (1)

3.4. Noem 3 dinge wat daardie aand deur die ongeluk beskadig (damaged) is.
Gebruik STANDAARD AFRIKAANS in jou antwoord. (3)

3.5. Gebruik van die woorde in die blokkie hieronder om die paragraaf korrek te voltooi.

| |
|---|
| vertrou, Malhaas, Killer, getrou, Theuns, dronk, Xbox, alleen, Haasmal, PlayStation |

Die spreker se ouers het hul seun (3.5.1.) ___________ en hom alleen by die huis gelos. Hy en sy vriend was van plan om die hele aand (3.5.2.)__________te speel. (3.5.3.) ____________, tannie Ina se seun, het daarvan gehoor. Ongelukkig het hy (tannie Ina se seun) nie (3.5.4.)____________ daar aangekom nie. Hulle "band" se naam is (3.5.5.)______________. (5)

3.6.1. Wat het die band saamgebring wat die spreker nie verwag het nie? (1)
3.6.2. Wie het die bak per ongeluk laat val? (1)
3.6.3. Watter naam het een tannie by die rugby eendag vir hom genoem omdat hy nie die bal kon raakvang nie? (1)

3.7. Watter werk doen Killer se pa? (1)

3.8.1. Gee die naam van die persoon aan wie Ocean en Basket behoort het. (1)
3.8.2. Wat is haar verhouding (realtionshaip) met die spreker? (1)
3.8.3. Waar is die persoon op die aand van die ongeluk? (1)

(20)

**Sub-totaal vir afdeling B: (60)**

**GROOTTOTAAL: 90**